



## GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC 2/16*  
*Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Internet:** <http://www-voc-kaap.org> **E-pos:** [vocinfo@voc-kaap.org](mailto:vocinfo@voc-kaap.org) **Skakel / Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: [rodecb@icloud.com](mailto:rodecb@icloud.com) . **Lidmaatskap /Membership:** me. S. Gelderblom: tel. 083-261-7008. e-pos: [sgelderblom@mweb.co.za](mailto:sgelderblom@mweb.co.za). **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** ABSA rek./acc. 9258840691: 'Stigting VOC Foundation.'

-----  
*Welaen Vrunden!*

### **Algemene Jaarvergadering, 2016.**

Ons 21ste Algemene Jaarvergadering is op 1 Maart in die Kasteel gehou, in 'n atmosferyke lokaal, met kandelare en spieëls versier. Weens prof. J.L. Hattingh se ongesteldheid het dr H.M. Scheffler as voorsitter opgetree. Die notule van 2015 se AJV, voorsitter Hattingh se jaarverslag en tesourier C. Wessel se finansiële verslag vir 2015, is al drie goedgekeur. Die bestuurskomitee is herkies. Voorgestelde wysigings aan die Stigting se grondwet is na die subkomitee terug verwys.



**Minister A. Marais.**



**Bittereinders ná AJV.**

Ons hoofspreeker was Minister A. Marais, Minister van Kultuursake en Sport, wat oor aspekte van samewerking tussen haar departement en ons Stigting gepraat het. Met verwysing na ons projek om die Rockview Dam se naam na Dorha Dam te verander, het Minister Marais gesê dat dit haar Departement se goedkeuring dra, en dat die provinsiale Departement van Waterwese dit aan die Nasionale Departement voorgelê het.

Sy het ook gesê dat ons projekte wat nie vorder nie, na haar kan bring vir die moontlike oplossing van probleme. Sy sal onder andere met Stadsraadslede wat in Kultuurbewaring belangstel, oor skakeling met die Stad Kaapstad praat. Die Departement van Kultuursake is besig met die oprig van die Kaapstad Museum, en sy nooi ons Stigting om voorstelle en ander bydraes te maak. Die Minister was vergesel van mnr H. van der Westhuysen van haar personeel. Lid Erwin Rode het die Minister vir haar boodskap bedank.

Dank is teenoor mnr C. Gilfellan, HUA van die Kasteel, uitgespreek vir die geriewe wat kosteloos voorsien is. Na afhandeling van die Agenda is uitstekende verversings geniet, voorgesit deur komiteelid Saretta Gelderblom. Die gewone VOC-heildronk op die Huis van Oranje is gedrink. Die byeenkoms het teen sonder in feestelike stemming maar in goeie orde verdaag.

**Uitstappies: Saterdag, 11 Junie 2016** besoek ons een van die Kaap se amper onbekende en besbewaarde geheime. Dit is die Parlementêre Biblioteek in Pleinstraat, Kaapstad. In die Parlementêre versameling word benewens 'n groot aantal dokumente van historiese belang, ook rare Africana boeke, skilderye, tekeninge en planne bewaar, deur ons mees vooraanstaande kunstenaars maar ook van onbekende persone. Sommige stukke is veel ouer as die parlement self.

Hier is twee voorbeelde van historiese oomblikke, verewig deur kanonnier-luitenant Johann Frederici. Die eerste beeld die Britse aanval op die verenigde Kaapse magte op 7 Augustus 1795 by Muysenburg uit, waar die skilder self teenwoordig was. Die tweede is van die oorgawe van admiraal Lucas se vloot in Saldanha Baay (vandag die Langebaan strandmeer) op 17 Augustus 1796. Elke skildery is propvol inligting en vertel 'n stuk geskiedenis wat ons voorvaders se lewens grondig beïnvloed het. En daar is nog baie ander. Dit gaan 'n besonder leersame en interessante besoek wees. Ons word deur me. Lila Komnick, administrateur van die kunsversameling, begelei.



Die biblioteek is nie verbode terrein vir navorsers nie, maar om verskeie redes is die parlement nie maklik toeganklik vir die publiek nie. 'n Lys van elke besoeker se **naam** en **identiteitsnommer** word **sewe dae vooraf** deur die Parlement se sekuriteits-afdeling verlang. As u hierdie rare geleentheid wil benut, wees asseblief so vriendelik om **voor 4 Junie u naam en ID-nommer aan ons ledesekretaris, me. Saretta Gelderblom (sgelderblom@mweb.co.za) te stuur**, en onthou om op 11 Junie u ID-boek saam te bring.

Daar is nie parkering op die terrein nie, maar PLEINPARK parkeergebou is byderhand. Draai uit Pleinstraat in Barrakstraat, en (eerste links) in Korporasiestraat. PLEINPARK se ingang is daar, tussen die Parliament Hotel en Old Town House Hotel, (of tussen Barrak- en Albertusstrate) in Korporasiestraat, agter die rooibaksteen magistratshof. Parkeer daar binne, gaan met die hyser ondertoe en stap in Pleinstraat uit. Draai links, loop

met Pleinstraat op tot by ons vergaderput voor die Parlement se diensingang, **tussen 90 en 100 Pleinstraat, oorkant Nanucci-droogskoonmakers en die Standard Bank OTM**. Ons ontmoet me. Komnick daar, om **10:30**.

**In Julie besoek ons die kramat van Tuan Yusuf van Makassar.** Die dorp Makassar by die mond van die Eerste Rivier in Valsbaai is genoem na die spesery-eiland in Indonesië waar Tuan Yusuf as 'n prins gebore is. In goewerneur Simon van der Stel se tyd het die VOC hom as 'n politieke gevangene Kaap toe verban, waar hy een van die stigters van Islam in Suidelike-Afrika geword het. Sy graf word as 'n heiligdom beskou en word al eeue lank deur pelgrims besoek. Valentijn, uit WA van der Stel se tyd, noem dit reeds. Ons besoek die Kramat in Julie 2016. Die getal besoekers word **tot 30 mense beperk**. As u belangstel, stuur asseblief u naam aan ons lede-sekretaris, me. Saretta Gelderblom. Ons gids is mnr Ibrahim Rooda, 'n oud-skoolhoof wie se proefskrif (MA, *cum laude*), oor die vroeë Muslims van die Strand gaan. Meer inligting in ons volgende *Generale Missive*.

**Ons bewaringsprojekte** (“*Dispereert niet.*” Jan Pietersz Coen, 1619.)

\**VOC-bakensteen, Geelbeksfontein*: Die projek vorder stadig. Ons wag op 'n skriftelike toestemming van die hoof van SANParke as 'eienaar' van die terrein, wat ons aansoek vir 'n werkspermit op verklaarde terrein aan Erfenis Wes-Kaap moet vergesel. Daar is gelukkig geen gebrek aan entoesiasme aan die kant van ons medewerkers, die Vriende van SANParke nie.

\**Dorha Dam*: Die aansoek is steeds voor die Nasionale Departement van Waterwese.

\**Streekname*: Ons soek aktiewe steun vir die projek, om vergete streekname (Bottelary, Slagtersveld en ander) lewendig te probeer hou. Belangstellendes kan gerus kom aanmeld, om die projek verder te voer.

\**Sogenaamde Van Riebeeck-heining*: Omdat daar nie 'n wet bestaan wat die deproklamasie van gedenkwaardighede moontlik maak nie, is Erfenis Wes-Kaap besig om 'n wet t.o.v. deproklamasie te skryf. Intussen was daar weer personeelveranderings. (NS: ‘*Ye have heard of the patience of Job...*’ James, ch. 5 v.11, Holy Bible, King James Version.)

## **Die Susterverenigings**

\**Kamer Antwerpen*.

Ons Stigting het Kamer Antwerpen voorspoed toegewens by geleentheid van hul AJV op 27 April. En hulle het vir ons mooi foto's gestuur van hul uitstappie na die middeleeuse stad Gent: Druk 'Ctrl' en klikk dan gewoon op deze link: <http://www.bobautrique.phanfare.com/7156485>

\**VOC Genootschap De Haagsche Besoygne*.

Op 5 Februarie is 'n nuwe VOC-groep genaamd ‘VOC Genootschap Haagsche Besoygne’ in Den Haag gestig. Hul eerste vergadering, onder voorsitterskap van Dr Mr Gian Tan, was op 18 Maart. Die sekretaris is dhr Walter Bornhaupt (w.bornhaupt@ziggo.nl). Op Stigtingsdag, 20 Maart het hulle blomme by die Van Oldenbarneveld-gedenkteken gelê, gevolg deur 'n feestelike maaltyd. Hulle hoop om ook jonger lede te lok, omdat die Genootschap se belangstelling nie net op die VOC-tyd konsentreer nie, maar strek tot by die onafhanklikheid van Indonesië in 1949. Dit sluit die voortsetting van die VOC se ondernemingsgees in, die Nederlandse en Indonesiese kulture, en ontwikkelinge tussen 1900 en 1942, die Tweede Wêreldoorlog, en die kort tydperk tussen die oorlog en onafhanklikheid. Hul naam is afkomstig van die VOC se ‘Haagse Besoignes,’ 'n groep advokate en ander regsgeleerdes wat die Kompanjie se uitgebreide wetlike sake behartig het. Hul gebou, naby die Nederlandse parlement, staan nog in Den Haag.



Stigting VOC wens hulle 'n lang, gelukkige en voorspoedige bestaan toe.

### **VOC-skip *Halve Maen***

Hierdie replika van die jag *Halve Maen* is verlede jaar deur die Amerikaanse gemeenskap aan Nederland geskenk, ter herinnering aan 'n gedeelte geskiedenis. *Halve Maen* se storie, soos die van *Dromedaris*, *HMS Resolution*, *Astrolabe*, *Spray* en ander is wêrelderfenis.



**VOC-jag *Halve Maen*.**

**(Bron: *Historiek*)**

Die VOC se handelsroete om die Kaap tussen die markte van Europa en die bronne in die Ooste was teen 1610, in een rigting, 'n reis van agt of nege maande lank. As hulle 'n seeroete uit Nederland bo-om die latere Kanada kon vind, was hulle in omtrent 'n maand in die Stille Oseaan en nog 'n maand later in Oos-Indië, waar hulle reeds 'n winsgewende handel gedryf het. Maar die mitiese Noordwestelike Deurgang het destyds nie bestaan nie; die mini-ystyd (c.1500 – c.1800) het die poolstreek suidwaarts laat uitbrei en die see om noordelike 'Kanada' was eeue lank solied bevrore. Here Sewentien het aangehou om ekspedisies te stuur om na die Noordwestelike Deurgang te soek; vir die VOC sou dit 'n kosbare ontdekking wees.

Hulle het in 1609 die ervare Engelse skipper Henry Hudson (gebore 1575) met die skip *Halve Maen* uit Amsterdam noordwes gestuur. Op 4 September het Hudson toevallig die groot rivier, nou as die Hudson Rivier bekend, gevind en daarin op geseil. Dit is die rivier wat vandag deur die hart van New York en sy randstede loop.

Na dié ontdekkingstog het die Kompanjie *Halve Maen* Batavia toe gestuur, en hom nog omtrent nege jaar lank in die tussen-eilandse spesery- en tekstielhandel gebruik. Hy het nooit terug gekeer Europa toe nie.

Hudson se volgende soektog na die Noordwestelike Deurgang was in 1611, met *Discovery* vir die Engelse Indiese Kompanjie. Op dié reis het hy die groot baai wat nou as Hudson Baai bekend is, bereik. Sy bemanning wou nie verder gaan nie. In Junie 1611 het hulle in dié baai gemuit en Hudson en ander in 'n oop roeiboot agter gelaat. Hy is nooit weer gesien nie.


### **De Nederlandse Bibliotheek (Pinelands) en Stigting VOC**

Bydrae van Piet Westra: Die Nederlandse Bibliotheek in Pinelands het nou fondse om gereeld Nederlandse of Afrikaanse boeke en tydskrifte aan te koop wat verband hou met die VOC-periode aan die Kaap, 1652- 1795. Julle is welkom om aanbevelings vir aankope aan Piet te stuur per adres: [pietwestra@mwebbiz.co.za](mailto:pietwestra@mwebbiz.co.za). Dit gaan goed met hierdie biblioteek, sowel organisatories as finansieël. Daar verskyn 'n maandelikse nuusbrieff, wat julle ook gratis kan ontvang. Ons heg die Mei-uitgawe aan (sien aanhegsel by hierdie *Generale Missive*).

Julle word aangemoedig om lid te word van die Vriende van die VNB teen R150 per jaar. Dit gee die reg om boeke en tydskrifte uit te neem. Daar is ook 'n goeie versameling van Afrikaanse boeke in die biblioteek se Rykie van Reenen-versameling. Stigting VOC het gevra om, asseblief, meer dele van die *Grote Atlas van de VOC*. Daardie Atlasse is goudmyne, skatkamers van inligting oor die Kompanjie. Die biblioteek het reeds dele 1 en 5.

### **Posklippe**

Die volgende korrespondensie tussen twee Kaapse museums is aan ons verskaf deur die Chavonnes Battery Museum in die Waterfront. Dit gaan oor posklippe, wat ná Portugese *padraos* beslis Europa se oudste voetspoor op die Suid-Afrikaanse kus is. Myns insiens is posklippe die voorlopers tot die stigting van ons stad en daarom essensieël Kaaps. U weet mos wat posklippe is. Hier is 'n voorbeeld.



**Posklip van Kommandeur Geleijnsz de Jonge, 1635. L. Beck, 1977**

Me. Dale Dodgen van die Chavonnes Battery Museum het in Maart vanjaar per e-pos aan Iziko Museums geskryf om te verneem of van die historiese posklippe in Iziko se bewaring vir tenstoonstelling beskikbaar is? Die antwoord was: (onveranderd, soos ontvang.)

*'Dear Dale*

*I trust you are well. It is with much regret that I have to inform you that none of our postal stones in storage are in a condition to be displayed. The conservation unit inspected it with Thys when they discovered that all of them were badly damaged over the years and any movement would probably split it into pieces. Unfortunately conservation was not high on the list of priorities when these heavy pieces of rock were moved because people probably thought that they would never break!*

*You are most welcome to still loan the ship models of course.*

*I am really sorry about this Dale, but trust we will still be able to collaborate in the future.*

*Thank you very much. Kind regards'*

Waarop me. Dodgon geantwoord het (onveranderd, soos ontvang):

‘Dear Tessa,

Hope you are well and having a good week? As you can imagine I am deeply saddened to hear that the Postal Stones earmarked for loan to us, which are precious artifacts in the narrative of the history of Cape Town, have not been adequately taken care of as per your email below.


The Chavonnes Battery is the only site you can touch the sand of the original shoreline that has been buried for 300 years; our archaeological ruins are inspected regularly and have shown very little degradation. Perhaps for posterity, all the Postal Stones should be "stored" here. To my understanding there were in excess of 30 stones discovered and left with Iziko for safe keeping. I would like to appeal to you to please exhaust all options to finding alternative Postal Stones for our safekeeping.

Kind regards,

Miss Dale Dodgen’

\* Wat gaan daar aan? Ek was so twee jaar gelede in Iziko se pakhuis in die Slawelosie Museum met ’n Nederlandse TV-span, waar die posklippe onder dik stof in ’n donker kamer toegesluit was.

### Olifant aan boord



’n Olifantkraal op Ceylon.

I. J. Rümph, 1717

Die Raad van Indië in Batavia het soms die Kaapse kommandeurs en goewerneurs aangeskryf om wilde diere en voëls soos leeus, kwaggas en volstruise daarheen te stuur, as geskenke aan Oosterse magtiges. Dit moes help ‘om de caneel uijt ’t bos te krijgen,’ soos die spreekwoord was. Olifante is nie aangevra nie, want daar was genoeg van hulle op Ceylon. Hulle is onder andere gebruik vir die dra en stapel van jatti- (kiaathout) stompe. In 1610 het die koning van Kandy (midde-Ceylon) Prins Mauritz van Nederland (na wie Mauritius-eiland genoem is) met twee olifante vereer. Toe die prins in 1623 ’n luiperd aangebied word, wou hy ook ’n klein olifant en ’n ‘cockatauw’ hê. Sy opvolger, prins Frederik Hendrik (na wie die Kompanjie se fort op Mauritius genoem is) het die VOC gevra om die diere te vind. Die jong olifant is met die retoervloot van 1629 Nederland toe gestuur saam met ander diere soos ‘Zuytlantse catten.’ (Was daar katspesies in Australië? Dalk kangaroos.) Die jong olifant se naam was Hanske, en hy was 21 jaar lank ’n besienswaardigheid in die prins se dieretuin in Den Haag.

Op bostaande skets, in 1717 in goewerneur Rümph se joernaal van sy landsreis geteken, word ’n jong olifant uit ’n kraal gelok deur ’n ouer olifant, wat buite die drukgang op hom/haar wag. Die

senior olifant lei dan die jong na die kaai, wat aan weerskante met takke toegemaak is. Ook die vlot waarop die jong olifant gelei word, is rondom met takke afgeskerm. Buite op die reede wag 'n skip om die jong olifant aan boord te hys. Alles gebeur met groot kalmte en geduld. In 1654 het 'n olifant by Fort Galle losgebreek en wal toe geswem. Veel voedsel (groeïende piesangbome) en water was vir die seereis nodig. Kanonskote, soos saluutskote, moes vermy word. Op die skip *Neptunus* (datum onbekend) is twaalf olifante gelyktydig van Ceylon af na Batavia vervoer. [R. Parthesius: *Dutch ships in tropical waters*. (Amsterdam, 2010), p.148.

### **Kaapse pioniers: Jan Wittebol.**


Jan Wittebol van Amsterdam was 'n Kaapse pionier wat die nedersetting help vestig het. Hy het in 1668 as soldaat teen f11 per maand op *Gecroonde Vrede* aangekom. Hier was 'n groot behoefte aan sy talente en vaardighede. Hy het wiskunde en ingenieurswerk geken en is in 1670 as landmeter aangestel, met die rang van 'n assistent teen f20. In die amp meet en teken hy benewens die Kasteel onder andere die plan vir 'n predikantshuis (1670), die Kompanjie se landerye om die nuwe buitepos Hottentots-Holland (1671), die fundamente van die nuwe kerk (nou Groote Kerk) (1678) en 'n kaart van gronduitgifte in die nuwe '*lantstreeck Stel en bos*' (*sic*)(1680).

In 1672 is hy verantwoordelik '*hoe 's Comps. nieuwe fortresse* (die Kasteel) '*t seeckerst opgemaect en 't meest gevordert werde*, ' en in 1677 werk hy as ingenieur weer aan die Kasteel se bolwerke. Hy word tot onderkoopman bevorder, en moet as winkelier (baas van die pakhuise) '*goede sorge draege*' dat die negosieboeke balanseer. (1672) Van Februarie af tot September 1672, toe Isbrand Goske goewerneur word, onderteken hy resolusies as lid van die Politieke Raad. In 1680 maak Simon van der Stel hom weer lid van die Raad.

In die Kompanjie se diens en ook in die openbare lewe het Jan Wittebol sy deel gedoen. Hy was diaken en ouderling van die Kaapse kerk, was van 1671 af lid van die Raad van Justisie en toe hy in Augustus of September 1681 oorlede is, was hy voorsitter van die Weeskamer.

Aan Jan Wittebol is ons eerstens dank verskuldig vir die noukeurige, gedetailleerde plan van Kasteel de Goede Hoop hieronder (ongedateer, voor 1681.) Met behulp van sy byskrifte ontdek ons onder andere dat daar voor 1681, benewens die uitvalpoort, twee hooftoegange tot die Kasteel bestaan het, naamlik die steeds bestaande poort tussen Buuren en Leerdam, en die seepoort tussen Catzenellenbogen en bastion Buuren. Dit wys op die soveelste onjuistheid in A.C. Ras se MA-skripsie: *Die Kasteel en ander vroeë Kaapse verdedigingswerke, 1652-1713*. (Universiteit van Stellenbosch, 1956.)

[A.J. Böeseken (red.): *Resolusies van die Politieke Raad, dele 2 en 3*. Kaapstad, 1959 en 1961; A.J. Böeseken (red.): *Uit die Raad van Justisie, 1652-1672*. Pretoria, 1986; G. Schilder e.a. (reds.): *Grote Atlas van de VOC, deel 1: Atlas Amsterdam*. Utrecht. 2006. p. 58.]




G. Schilder e.a. (reds.): *Grote Atlas van de VOC, deel 1: Atlas Amsterdam*. Utrecht. 2006. p. 58.]


\*Lede word nou genooi om, as deel van ons lopende Opvoedkundige taak, kort biografië van Kaapse pioniers in te stuur, vir plasing in *Generale Missive*. Kom, die Kaap was woelig, kleurvol, interessant, en kosmopolities. Daar was Henning Hüsing, Barbortje Geens, Olof Ley, Giuseppi Viro, Tielemans Maijke, Willem van Deventer, Elsie van Surwaerden, Jan Roman, Thomas Conway, Hans Jes, Bart Borms, Coucosoa, Jacob Borghorst en Arie Lekkerwijn. Skryf asseblief 'n paragrafie oor een van ons honderde interessante karakters uit die pionierstyd.

**Uit die Argief:** Ons ontvang graag lede-bydraes oor die VOC of die Kaap onder die VOC-vlag (1652-1795), vir die *Generale Missive*: Onderstaande artikel, oor die dagboek van 'n VOC-soldaat en voorvader van die Verster-familie, kom van dr Francois Verster. Meegaande kompasroos en handskrif kom ook uit sersant Verster se dagboek.





Versierde kompasroos uit Verster se dagboek.



Voorbeeld van Verster se teks.

### Die joernale en aantekeninge van Jacobus Verster

'n Interessante en historiese belangrike argiefstuk wat in die Kaapstadse Argiefbewaarplek bewaar word, word op die kartonhouer bloot as A2512 geïdentifiseer. Dié argiefstuk is die saamgebundelde joernale en aantekeninge van Jacobus Verster, gebore 21 Desember 1732 in s'Hertogbosch, Nederland. Sy ouers was George Marcus Verster en Cornelia van der Stelt.

By dié dik bundel in die argiefdoos is 'n ongedateerde keuringsverslag van die bundel se inhoud, deur dr. Anna Böeseken, staatsargivaris. Sy het dit as 'n unieke dokument' bestempel: "Hierdie dokument is vir historiese navorsers so waardevol dat ek die eienaar sterk sou aanraai om dit in bruikleen of so as aanwinst aan die Argief te skenk." Laasgenoemde voorstel is aanvaar, sodat A2512 sedertdien in die Aanwinste-brandkamer resideer.

Wat die inhoud betref, is die volgende van belang: Jacobus het van 1753-1760 vyf reise na Batavia meegemaak en in die proses briewe en goedere heen en weer gekarwei (hy lys die items en name van betrokke persone) en beskryf gebeure op see – insluitend huwelike ter see, sterftes en poets wat gebak was, plekke wat hulle besoek het en so meer. Böeseken verwys ook na die belangrike lys van 104 Bataafse faktorye (kantore) van die Kompanjie wat deur Jacobus opgestel is.

Die twintigtarige Jacobus beskryf die eerste reis wat begin op 29 September 1753, vanaf Texel, op die skip Buyten Zorg, in veel meer besonderhede as die ander. Sersant Verster word weens siekte (waarskynlik skeurbuik) deur sy manskappe op 'n drastoel na die land vervoer, waar die vrou en dogters van sy neef, die fisikaal Pieter baron van Reede tot Oudtshooren (sy spelwyse) hom versorg. Verder aan in die bundel word die Van R(h)eede familie weer genoem – naamlik deur 'n gedeelte van hulle geslagsregister en 'n relatief groot deel van die korrespondensie in die bundel vervat, is briewe deur Jacobus aan sy 'Hoog Gebore neef' (eintlik kleinneef) gerig. Soos normaal was van daardie tyd pas hy nie vaste spelreëls toe nie, wat irriterend is vir die moderne leser, maar tog is dit heel maklik om die teks te verstaan, selfs nou, na meer as 200 jaar.

Nadat Jacobus sy laaste reis in 1760 onderneem het, het hy hom in die Kaap gevestig en trou hy in 1761 met Helena Cecilia du Toit. Ná haar dood trou hy weer (1768), met Magdalena Judith

Theron. In 1773, dieselfde jaar as wat sy neef Pieter van Reede van Oudshoorn goewerneur sou word (maar op see gesterf het vóór hy in sy amp kon tree) koop Jacobus die gevestigde plaas Het Oude Westhoff ‘*gelegen aan de Tijgerbergen.*’ ’n Aantal bladsye wat in die joernaal hierop gevolg het, is uitgeskeur, moontlik was dit verwysings na erflatings. Jacobus lê op 15 April 1781 die eed af as nuwe burger van “*Cabo de Goede hoop,*” ook namens sy seun P.G.M. Verster.

Volgens sy boedelinventaris (MOOC 7/1/29 nr. 66) het hy ’n vermoënde man gesterf, wat onder meer 51 beeste, 24 perde, 270 bokke en skape, asook 18 slawe besit het. Magdalena het ná sy dood weer getrou en ’t Oude Westhoff verkoop.

In sy geskrifte het die normaalweg pligsgetroue en noukeurige Jacobus ongelukkig min oor Kaapstad en sy mense geskryf, maar wel genoem dat dit vir hom opvallend was dat daar op daardie tydstip ‘... *omtrent een blanke teegen 20 swarten ...*’ was en dat Constantia se wyn ‘*root en soet als suiiker*’ was. Hy het in die Kompanjies tuin gewandel wanneer die suidoostewind dit toegelaat het. Pryse van vee en ander handelsware word ook vermeld.

Sy vernaamste opmerking in sy joernaal, toe hy op 23 Januarie 1753 die eerste maal in die Kaap land, was: ‘*Aan gaande de vertooning van de Caab souw men seggen dat het maar een klijn dorpje is terwijl de huijsen in ’t generaal maar een verdiepieng hebben en met riet zijn bedekte en geen wallen of fortificatjes hebben. Teegen de W. Kant heeft een klijn casteel en eenige klijne buijte posten daar weijnig volk op is en eenige stukken cannon tot bescherming van de ree.*’ Hy noem ook dat die suidoostewind die Kompanjie se bome ‘*laag hou.*’

In ’n artikel J. Joubert: *Skeepsjoernaal – Jacobus Verster*, in *Kronos*, vol. 6 van 1983, skryf Joubert dat Verster se joernale ’n aanduiding gee van die kapasiteit en dra vermoë van skepe en die goedere wat daarin vervoer is, bo en behalwe die bykans 300 persone wat ook geakkommodeer moes word. Die bagasie waarop elke amptenaar geregtig was, word ook omskryf. Die kaptein kon twee kiste ‘*lang vyf voeten, hoog en wijd twee voeten*’ saamneem, terwyl gewone soldate elk net op ’n kis van 21 duim lank en 16 duim hoog én breed geregtig was. Joubert was van mening dat hoewel daar min werklike interessantheite in hierdie bundel geskrifte voorkom, ‘*kan [dit] sekerlik ook as ’n belangrike bron van inligting vir verskeie navorsers dien.*’ Met ‘*verskeie navorsers*’ bedoel hy waarskynlik navorsers op verskillende gebiede, soos taalkundiges, historici en erfenisaktiviste. Bowenal gee dit ’n duidelike beeld aangaande die lewe aan boord van ’n agtiende eeuse VOC-skip.

Die toestand van die bundel is heel goed en die teks is maklik leesbaar. Voorin is ’n kompasroos, moontlik deur Jacobus nageteken. Saam met die bundel in die argiefdoos is ook ’n volledige getikte transkripsie van die inhoud. In Joubert se artikel word vermeld dat ’n nasaat van Jacobus, ene Kerneels Verster (6de geslag) toestemming verleen het dat die Instituut vir Historiese Navorsing van die Universiteit van Wes-Kaapland die bundel mag publiseer. Geen aanduiding dat dit wel gedoen is, kon egter gevind word nie.

---

#### **Bronnelys:**

Boëseken, A.J.: Ongepubliseerde keurverslag van Aanwins A2512 (Joernaal en aantekeninge van Jacobus Verster), Kaapse Argiefbewaarplek.

Boedelinventaris van Jacobus Verster, MOOC 7/1/29 nr. 66.

Bosman, P.: Ongepubliseerde transkripsie van joernaal en aantekeninge van Jacobus Verster.

Du Plessis, N.M. (red.): *Die Tygerberg – die verhaal van die Tygerbergheuwels en die stedelike gebiede Parow, Bellville en Durbanville*, Tafelberg-Uitgewers, 1998.

Joubert, J: ‘Skeepsjoernaal – Jacobus Verster,’ *Kronos*, vol. 6, 1983.

Ongetitelde transkripsie van Aanwins A2512 (Joernaal en aantekeninge van Jacobus Verster), Kaapse Argiefbewaarplek, g.d.

Verster, F.P. “In die Argief gevind,” *Bolander*, 27/4/2016: 3.

Verster, F.P. “Kyk hoe herhaal die geskiedenis homself,” *Bolander*, 4/5/2016: 5.

Verster, J.: Joernaal en aantekeninge, ongepubliseerde aanwins. A2512, Kaapse Argiefbewaarplek.

Dr F. Verster, die skrywer van bostaande, was vroeër argivaris in die Kaapse Argiefbewaarplek. Benewens dank vir hierdie artikel, wens ek hom voorspoed met sy boek *Omega, Oor en Uit*, wat onlangs verskyn het. Dit gaan oor sy ervaring as dienspligtige in die Grensoorlog.

**Ledegeld:** Een van ons lede het R180 aan die Tesourier gestuur, sonder om te sê van wie dit kom. Sal die lid asseblief sy/ haar naam stuur? Onthou asseblief om u naam as verwysing by te skryf wanneer u elektronese oorbetalings maak. Ons het verlede jaar R700 minder as die vorige jaar aan ledegeld ingevorder, en word gedwing om agterstallige lede van die rol te verwyder. As u lid wil bly, maak asb. seker dat u betaal het.

**Navraag ontvang:** Die eienaarsplaat van 'n Kompanjiegeweer kom uit 'n skeepswrak in Struisbaai. Jimmy Herbert, wrakduiker en skrywer van verskeie boeke en kaarte oor wrakke aan die Agulhas-kus, vra of ons miskien kan help om die plaat te ontsyfer. Al wat ek kan aflei, is dat die geweer deur Kamer Delft uitgereik is. Kan enigen die ander letters ontsyfer?

*'We might be on to the site of the Meermin wreck. I will get back to you when I am more convinced. It also looks as if you were correct in postulating that she... (was not wrecked) at Die Mond, but rather closer to Struis Bay. It was also here that a piece of a petrified gun was found in the late 70's. This brass section was part of it.'*



*'The question is, whether this style of 'gun support' was from 1673 (Zoetendal), 1722 (Schonenberg) or 1766 (Meermin) ..... all three wrecks are from that area. My guess used to be Zoetendal, but now I am leaning more towards Meermin. Whom can one ask?'*

Was daar geweermakers werksaam in Delft, wat gewere aan die VOC voorsien het? Ek vermoed daar is Latynse afkortings in die letterwerk.

Groete aan al ons lede en dank aan medewerkers en proeflesers.

*Behouwde vaert / Selamat jalan!*

D. Sleight / Redakteur  
Jean Sleight / Tegnies en Verspreiding.  
17 Mei 2016.